Nuusbrief 7
9 Mei 2025

HOËRSKOOL HENNENMAN

# NUUSBRIEF

## Uit die Skoolhoof se pen...

PER LABOREM AD FINEM

**Liewe Ouers**

Met al die vakansiedae vir eers op 'n einde is die kwartaal nou volstoom aan die gang en die sport- en kultuurbedrywighede hou ons leerders besig!

Ligawedstryde vir hokkie, netbal en rugby vind gedurende die week en naweke plaas. Dit maak ons leerders se programme baie vol. Saam met dit is die Junie-eksamen, wat 'n baie belangrike eksamen is, ook om die draai. Leerders moet asseblief goed beplan sodat hulle nie met hulle akademie agter raak nie!

Op Woensdag, 14 Mei en Vrydag, 16 Mei skryf graad 10- tot 12 leerders reeds hulle eerste eksamenvraestelle (Engels P3 en Afrikaans V3). Die graad 8- en 9 leerders skryf ook 'n formele assessering in dieselfde tydgleuf. Die assessering sal aan die begin van die dag plaasvind waarna die skooldag normaal sal voortgaan.

ALLE leerders MOET asseblief teenwoordig wees.

Ons rugby speel Saterdag, 10 Mei (môre) teen St. Anne's. Die wedstryde, wat weg sou plaasvind, vind nou op eie bodem plaas!

Kom geniet 'n HOK-boereworsrol of -sosatie en ondersteun asseblief ons rugbyspanne. Die wedstrydtye is as volg:

| | |
|---|---|
| o.15-rugbyspan | 09:00 |
| o.16-rugbyspan | 10:00 |
| Eerste rugbyspan | 11:10 |

Ons hoop om u almal daar te sien!

Geniet die naweek!

**Vriendelike groete**
**Brenda Hoffman**

**MATRIEKS VAN 2024: MATRIEKSERTIFIKATE**

Die finale matrieksertifikate vir die matrieks van 2024 is by die skool beskikbaar.

Matrikulante van 2024 moet dit asseblief by die skool kom afhaal.

| BYLAAG A – UITSLAE VAN LIGAWEDSTRYDE | |
|---|---|
| Hokkie vs. Hentie Cilliers | 1stes gelykop 0-0<br>seuns verloor 0-3 |
| Netbal vs. St. Dominic's | 1stes wen 30 - 20<br>2des wen 13-2<br>3des wen 14 - 4<br>o.15 wen 23 - 6<br>o.14 wen 20 – 8 |
| Hokkie vs. Goudveld | 2des gelykop 0 - 0<br>seuns wen 2 - 0 |

**GIDEONS OORHANDIG BYBELS AAN ONS GRAAD 8'S**

Die Gideons het op Maandag, 5 Mei vir ons graad 8's kom kuier. Saam met die boodskap van hoop het elke graad 8-leerder ook 'n Sakbybel ontvang het.

Baie dankie aan die Gideons vir hierdie gebaar en inspirerende boodskap! U verbintenis met ons skool is vir ons kosbaar!

**LANDLOOP**

Ons landloopatlete neem vanmiddag aan hulle eerste ligawedloop deel.

Baie sterkte aan elke landloop atleet! Baie dankie aan Neels en Beth Pretorius vir al hulle moeite met die landloop. Baie dankie ook aan elke ouer wat hulle ondersteun. Ons waardeer dit!

**BOOGSKIET**

Baie sterkte aan Malika Reyneke wat op Saterdag, 10 Mei aan die AGA Vrystaat Interskole Boogskietkompetisie in Kroonstad deelneem!

**⇧ Sien asseblief die sportuitslae in bylaag A.**
**Baie geluk aan al ons spanne wat gewen het!**